ZURK BOTHA ASSOCIATES (Pty) Ltd

✉ **Privaatsak/Private Bag X20001, Faerie Glen, 0043**
☎ **+ 27 12 - 991 3830/31/48**
Fax: +27 12 - 991 3991
E-mail: zurk@zba.co.za

Discretionary portfolio managers: FSP license no: 17350
Co reg nr: 90/02878/07
Directors/Direkteure: Z. Botha CFP, T. Botha

26 September 2022

ZURK BOTHA ASSOCIATES (PTY) LTD: FSP 17350
SAMESMELTING MET EQUITY TRUST: FSP 668

Op 1 Mei 1989 het ons die praktyk oorgeneem, wat op daardie stadium nog as Oosthuizen en Labuschagne bekend gestaan het. Die naamsverandering na ZBA het 'n jaar of wat daarna plaasgevind. Oor tyd het ons fokus uitgebrei van werknemersvoordele na welvaartbestuur.

Ons het besluit om ons samewerking sedert vroeë 2000's formeel te maak en gaan met Equity Trust saamsmelt.

Wie is Equity Trust?
Die Equity Trust Groep bestaan sedert 1998 as 'n onafhanklike finansiële advies groep wat fokus op die lewering van professionele finansiële oplossings op individuele en korporatiewe vlak. Met ons samewerking oor die laaste dekade, was dit duidelik dat ons filosofie en hoë etiese standaarde dieselfde is. Kliënt se belange alleen word eerste geplaas, wat dit maklik maak om bronne en idees te deel. Besoek die webwerf www.equitytrust.co.za vir meer inligting oor direkteure, ens.

Hoe raak die verandering u?
Daar sal geen verandering in maatskappye, produkte, fondsbestuur metodiek en kliënte se portefeuljes aangebring word, as gevolg van die skuif nie. Die mandaat wat u vir ons geteken het wat ons verpligtinge teenoor u uitspel, bly in plek. Daar is wel die voordeel dat die groter groep beter bedingingsvermoë het wat oorhoofse kostes verminder. Van die tydrowende nakomingstake word gedeel en daar is meer kliënte tyd.

Is daar personeelveranderings?
Geen veranderings word gemaak nie en die span bly net so in plek.

Kantore
Zurk sal soos tans uit die bestaande Faerie Glen kantoor werk terwyl Alex mettertyd sal oorskuif na die Brooklyn kantore. Indien dit u pas sal ons u uitnooi om ook terugvoer sessies daar te hou in die nuwe grond vlak konsultasie kamers.

Kontak besonderhede
Telefoon nommers en ander kontakbesonderhede bly onveranderd. U kan verwag dat Equity Trust epos adresse en landlynnommers sal bykom.

Is daar iets spesifiek wat u moet doen?
U hoef niks te doen nie. Ons sal binnekort met u in verbinding tree sou daar enige inligting benodig word en/of aanstellings geteken moet word. Die proses word behartig deur middel van boek oordragte wat deur die bestaande partye afgehandel sal word. U kan dalk 'n kommunikasie ontvang wat aandui dat my of Alex se adviseurskode verander het.

Ons sien uit na nuwe geleenthede en voordele wat die samesmelting vir u kan bring en bedank u vir u volgehoue ondersteuning.

Vriendelike groete

Zurk Botha CFP®